# WINDHOEK HOëRSKOOL

Reünie 2014

## NUUSBRIEF 11

**FINAAL 2014**





**Skoolbesoek Vrydag. 3 Julie 2014 (Gimnastieksaal)**

**Voor (sit):** **Antoinette (Pretorius) Badenhorst; Mariana (Gerber) Viljoen; Ina (Schickerling) Theron; Jaco Gouws**

**2de ry (hurk):** **Daleen (van Zijl) Swanepoel; Janet (Oosthuizen) Cocklin; Japie Schreuder;** Sarena du Toit; Ronelle van Rhyn; **Susan (Arnold) Cloete; André Louw**

**3de ry (staan):** **Joey (Luther) Tromp; Johanna (Lessing) Golden); Magda (Gunther) Lomas;** Graham Lomas**; Magda (Viljoen) Leibbrandt; Hester (de Villiers) du Randt; Bartle Rautenbach; Christo Vermeulen;** Cecilia Vermeulen; **Irmgard (Friscbutter) Haacke; Ben van Rhyn; Louis van der Walt;** Gwen van der Walt

Die verspreiding van die dvd (fotos) van Vrydag- en Saterdagaand word so hanteer:

| | | |
|---|---|---|
| Mariana | Gauteng | marianav@provectus.co.za |
| Johanna | Kaap | johannam.golden@gmail.com |
| Theo | Namibia | tvm@windhoekcc.org.na / theo.vdmeer@yahoo.com |

Sam vd Berg gaan die webblad (www.whs1974.co.za ) oorneem en in stand hou.


…mens kan jou lelik misgis soos wat met Elize gebeur het toe sy Japie weer gesien het...

ek het vir Japie S gese :

‘jinne Japie, en so loop ek en jy aanmekaar by mekaar verby in die dorp en oral en ek weet nie eers dis jy nie” ....en Japie gee my so ‘n geamuseerde kyk en vra: “Nou wanneer was die laaste keer wat ons by mekaar verby geloop het, om en by...” en ek sê: “wel, teminste seker ‘n maand of twee gelede, as dit nie ‘n week gelede was nie”...en ek wonder toe, nou hoekom vra Japie nou so...toe sê hy: “nee, hoekom ek vra is omdat ek al van 1983 af in Pietersburg bly...!”



En kyk wie se name verskyn….



WINDHOEK HOëRSKOOL.

STRAFREGISTER.

| Datum. | Naam van Leerling. | St. | Aanklaer. | Oortreding. | Straf. | Toegedien deur. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 9.9.74 | Jacobus Nel | 9A | Self | Stokkiesgedraai op 6/9/74 | 4 houe | J.G. du Preez |
| " | Sammel v.d. Berg | 10F | " | " | " | |
| 12.9.74 | Gert Kruger | 10B | Mnr. Nakman | Skoolgrond (pouse sonder verlof | " | |
| " | Fritz Voordewind | 10A | " | met ŉ motor verlaat. | 3 " | J.G. du Preez |
| " | Jacob Gens | 10B | " | | 3 | |
| 12.9.74 | Ben-Louis Kotzee | 8B | Mnr. Oosthuyzen | Na herhaalde waarskuwings nie | 3 | |
| | Ettienne Myburgh | 8B | " | in klas wil nie gedra nie. | 3 " | J.G. du Preez |
| 24.9.74 | Pierre Fleischer | 8F | " | Intimideer ander teen [illegible] gesê by [illegible] | 3 " | |
| 15.10.74 | Ben v.d. Merwe | 10E | | | | J.G. du Preez |
| | Dan v.d. Poel | 10A | Mnr. v. Zyl | Almal gedurende pouse op die | | |
| | Nico Grobbelaar | 10B | | Skoolgrond gerook. | 4 " | J.G. du Preez |
| | André Kraatz | 10A | | | " | " |
| | Jacob Gens | 10B | | " | " | " |
| 19.11.74 | Annemarie Botha | 6F | Prefekte | Gooi mekaar met water en ignoreer | Gewaarsku | J.G. du Preez |
| | Juan Pretorius | 6F | M. Fourie | prefekte se waarskuwing. | | |
| 3.12.74 | Jackie le Roux | 7E | Mnr. v.d. Westhuyzen | Ontwrigting in klas. | 3 houe | J.G. du Preez |
| 1975 | | | | | | |
| 17.2.75 | Arnd Funkeldeh | 9B | Mnr. Steyn | Swak gedrag in nye | 2 houe | EJ Genis |
| " | Nico v. Loggerenberg | 9D | " | " | 2 houe | EJ Genis |
| " | Reginald Greeff | 9D | " | " | 2 houe | EJ Genis |

## Antoinette (Pretorius) Badenhorst

### Reünie in perspektief

Tieners is of skaam of voor op die wa of loop rond met 'n bravade; regtig of 'n front. Tieners is ook die slimste goeters wat op moederaarde loop en daai slimheid word al vroeg-vroeg, so teen 13 of 14 jaar, beoefen. Ha! Ek, ons was ook daar; daai tiener met te veel tienergeit wat soms soos een dik wolk en ander kere soos n ligte briesie oor my persoonlike lewensverhaal lê.

Soos wat ek my voorbereidinkies begin maak het om na ons 40ste skoolreünie toe te gaan, het ek baie gewonder oor wat van die een of daai een geword het. Sal ek hierdie rok dra of wat sal hulle hiervan sê? Toe stry, veral ons vroumense het beslis daaraan gedink. Seker van julle ouens ook, want soos die ouderdom wysheid bymekaar gemaak het, het ek geleer dat ook die seuns van die 70er jare en vandag se oupas ook maar dun nerwe het.

Eers loop ek 'n onbekende bekende vrou op die lughawe raak. Susan Arnold is slimmer as ek en volg my badkamer toe. Wat 'n blye weersiens! Dan die grootste lekkerkry toe Koos na 11 uur Donderdagaand kom sê hy het Mariana se kamer opgespoor en sy nooi ons vir soetwyn. Ai daai maatjie en ek het so effe- effe deur die jaar op Skype gesels, maar daar is darem niks soos regtig aan mekaar raak en hallo sê nie.

Die skoolbesoek Vrydagoggend het soveel ander goed vorendag gebring. Eerste val ek amper bo-oor Dalene en Janet voor ek hulle herken. Dan die trane wat vlak gaan lê toe die skoollied gesing word. Die herinneringe aan wiskunde ( Meneer Dreyer) en rekeningkunde ( Meneer Markram: "Pretorius, ek tel jou aan jou boksterte op en sit jou op die hokkieveld neer") in die tydelike geboue wat nie meer was nie. Ja die hokkieveld is nou mooi groen. In ons dae was dit vaal gruisklippers. Die biologieklas in standerd 7 wat nou Meneer "Brand-loos" is. En dan die nuwe swembad. Ai tog, ek het vandag nog n kompleks omdat ek nie kan swem nie!

Later smul ons heerlik aan eetgoedjies en drinkgoed terwyl ons deur ou jaarblaaie en wraggies tot die strafboek van daai jare blaai!

Die bustoer onder leiding van Louis Lessing is 'n fees. Hy ken die dorp en wys ons al die goed waarop ons nou trots kan wees, maar ook die dinge wat stil seer in elkeen moet vassteek, want soos wat herinneringe soet kan wees, so kan verandering bitter wees. Ons is maar n klein groepie, maar ons gesels 'n barshou. Ons skrik ons poegaai vir regeringsmagte wat ons kom stuit om foto's te neem, maar gaan dan rustig verder tot ons weer by die skool stilhou.

Die stoep en eetsaal op Arebbusch is lekker kuierplekke en daar pas ons kort individuele kuiertjies in. Ek en Koos kuier te lekker tussen die klomp deur terwyl ons opgewonde wag vir die aand se bymekaarkom.

Mariana en Theo se beplanning kom pragtig bymekaar. Die saal is mooi opgemaak met duidelike tekens van 'n 40ste Windhoek Hoërskool reünie. Ag en val my mond nie aanmekaar oop oor soveel bekende skoolmaats nie. Almal vandag grootmense, gebrei deur die lewe self. Almal deur die soet en die sout van die lewe en almal bietjie skaam, maar volwasse genoeg om vierkantig mekaar in die oë te kyk en al die onthou-jy-nog's uit te gooi. Met n paar oud-onderwysers in die geselskap, kry ek wraggies 'n kans om vir Meneer Oosthuizen (Speedy) te vertel hoe onregverdig hy my op die stoep uitgegooi het 40 + jaar terug! Ons lag lekker daaroor en hy maak seker dat ek weet dat as dit nie vir daai straf was nie, sou ek nie vandag die mens gewees het wat ek is nie!

Saterdagaand is die hoogtepunt. Nog nuwe ou gesigte. Ek kan nie oor Mielie kom wat van 'n skaam

outjie na ‘n reuse aantreklike man ontwikkel het, met die pragtigste vrou aan sy sy. Karel van der Bank is my grootste verrassing. As ek my oë toemaak, kan ek sy skaam seunsgeit voor my sien, maar hier op die Saterdagaand is hy ‘n Oupa vol karakter en gees met ‘n vrou aan sy sy wat duidelik gewoond is aan sy manewales. Janet se man Basie is kostelik en ‘n gees op sy eie. Ek kan nie help om te onthou hoe stil bedees Janet altyd was nie. Vandag ‘n boervrou wat duidelik haar plek langs haar man volstaan. Ag en dan is daar Kato en Daleen en Johanna en Hester en Ina; ek gesels met almal, totdat Imogen by die deur instap. Ag, die trane kom lê weer vlak. Ons was kamermaats in die koshuis, ons was tieners saam en die lief en leed van mekaar grootmaak kom lê soos ‘n kleed oor my. Dit was lekker jare, seer jare, teer jare.

Vandag as ‘n ma van drie met ‘n sterk man aan my sy, weet ek dat die bravade en die slimgeit wat ons daai jare saam met ons gedra het dikwels net ‘n front was en ek wonder of die lewe daai fronte weggevee het en of ons vandag nog steeds met die selfde vrese in ons rondloop wat ons daai jare gehad het; of die lewe ons geleer het om dit beter te hanteer.

Aan almal van julle (ook die onnies) wat my tydens die skoolreünie gehelp het om daai legkaartstukkie van my hoërskoollewe in plek te laat val, wil ek ‘n groot, groot dankie sê. Sonder dat ons dit daai jare geweet het, het ons mekaar help vorm en vandag, terug in my eie huis, kan ek met groot dankbaarheid terugkyk op my lewe wat leeg sou wees sonder julle daarin.

Ongelukkig kon ons nie by die erediens wees nie. Sou so graag vir André wou hoor, maar ‘n laaste geselsie met Francois Pretorius oppad lughawe toe, kon ook nie vervang word nie. Toe ek hom skielik in my geestesoog in sy sportklere sien staan, toe weet ek as ek tuiskom gaan ek weer ou foto’s uitkrap en elkeen van julle wat op die een of ander manier oor my pad geloop het, van vooraf waardeer.

## ‘n Paar indrukke van die reünie

**Gert Kruger (10A)**

Eerstens baie dankie aan Mariana, Theo en almal wat gemoeid was met die reëlings. Dit was lekker om almal weer te sien. Jammer ek kon nie alles bywoon nie, maar so is die lewe maar. Alles werk nie altyd uit soos ‘n mens dit wil he nie.

**Janette (Oosthuizen) Cocklin (10F)**

Die enigste bydae wat ek en Basie wil doen is om weereens vir jou BAIE DANKIE te sê vir n wonderlike naweek, maar eintlik vir jou besondere manier waarop jy alles gereël en gedoen het.
Baie dankie ook aan jou man dat hy jou vir die tyd aan ons geleen het, dit was kosbaar.
Dit was heerlik om jou weer te ontmoet,was eintlik maar vreemdelinge as skoliere maar die aand het dit nie so gevoel nie.
Dankie ook vir die saam loop toe ons gegroet het,dit laat so n warm gevoel.

**Birgit (Kollmitz) Straemke (10E)**

Eintlik wil ek net baie dankie se vir al die baie moeite wat gedoen is met die reünie. Ek het Vrydagaand onsettend baie geniet en Magda Lomas se ook Saterdag was baie lekker. Ek was spyt ek kon nie gaan nie. Ek sien uit na die na- reünie nuusbrief.

**Christo Vermeulen (10B)**

Ek het geen bydra nie maar ek wil net BAIE,BAIE dankie sê. Was vir my 'n hoogtepunt in my lewe. Ek dink ek was/is een van die wat dit die meeste geniet het. Het nie kon dink dat dit so lekker sou wees nie.
My vrou het dit ook baie geniet en sy sê ook baie dankie. Ons maak nou reg vir die volgende een!!!!

**Lynn (Jubber) Swart (10B)**

Dit was baie goed om julle almal weer te sien na al die jare – het kompleet gevoel asof ek weer terug is in Matriek veral toe ons die klasfotos geneem het.
Alhoewel ek net Std 9 en Matriek in WHS was, beskou ek dit absoluut as my Alma Mater en was dit my gelukkigste en lekkerste skooljare van my hele skoolloopbaan!!! En dit was een van die beweegredes hoekom Leon en Neil ook WHS toe is - vir hulle en vir my en Paul was dit die "Preferred School".
Kon ongelukkig net Vrydagaand se funksie bywoon, maar is verskriklik bly dat ek wel op die ou einde gegaan het, want dit was baie spesiaal en absoluut die moeite werd. Praat van 'MEMORY BUILDING'!
Dit was ook goed om weer met elkeen te kon gesels en lag en op te vang wat in sy / haar lewe gebeur het vandat ons uit die skool is. Wat ‘n voorreg om die kans gegun te word om die ‘rewind’ knoppie van die lewe terug te draai, want dit is / was nie almal beskore nie. Ek was ook verstom dat ek met elkeen tog ook 'common ground' kon kry en was ook goed om elkeen se vrou / man te kon ontmoet en te hoor van hulle kinders en KLEINKINDERS!!!!!!
Julle het my lewe verryk en ek is julle baie dankbaar daarvoor!
Mariana wil ook spesiaal vir jou ‘n groot dankie sê vir al jou moeite en reëlings wat getref het om hierdie 1974 Matriek Re-unie 'n werklikheid te maak en veral dat jy bly opvolg het en seker gemaak dat ek wel die skool re-unie bygewoon het. Baie dankie ook vir die pragtige geskenkies - dit is werklik baie prakties en oulik en herinner my elke dag weer terug aan my skooldae!
Hoop om julle oor 3 jaar weer in Windhoek te sien met WHS se 100 jaar vieringe en as ek en Paul julle kant toe kom, sal ons julle ‘n ‘tinkle’ gee soos Mariana so mooi gesê het!

**Magda (Viljoen) Leibbrandt (10B)**

'Aan Mariana, Theo en ander helpers - jul kan julself op die skouer klop vir 'n taak wel gedaan! Dit was 'n heerlike saamkuier, dankie daarvoor. Dit was so lekker om weer alle ou skoolmaats te sien, ek kou, herkou en deurdink nou nog elke ontmoeting. Mag elkeen geseen wees sodat ons mekaar weer oor 5 0f 10 jaar kan sien.'

**Karel van der Bank (10A)**
Dankie vir die e-pos en sommer ook baie dankie vir ‘n “great” ’74-Reunie…………….dit was lekke om van die ou maters weer te sien.Ek het mos nou weer die groetery van Sondag gemis. Ek het darem laas week vir Sam en Estelle in Swakop raak geloop op hul pad terug van die Okavango.
Mooi bly en wie weet, dalk sien ons almal mekaar weer by die 50ste Reunie of dalk by die boom.

**Kato (Booyzen) Wolfaardt (10E)**

Ek wil vir jou en Theo baie dankie sê vir al jul moeite en onkoste om ‘n baie lekker reunie te reël.
Ons het dit baie geniet. Ek is jammer dat ons nie alles kon bywoon nie, maar omstandighede was nie daarna.

**Riëtte (Herselman) Hanekom (10E)**

Ek het geen internet nie …maar eers wil ek die BELANGRIKSTE item van my kant af afhandel – duisend dankies vir al die moeite en sorg en ellende, en vreugde en opgewondenheid, om al hierdie skoolmaats van 1974 bymekaar te kon bring!! Ek dink eerlik nie een enkele persoon is daar weg met minder as ‘n hart vol vreugde en liefde nie. Ons het dit soooo geniet!! Baie, baie dankie!!! Ek (en ek is seker al die ander) waardeer dit vreeslik baie.

**Susan Arnold (10E)**

Ek is terug by die huis en hard aan die werk. Ek wil graag net weer vir julle wat alles so mooi gereel het bedank. ek dink ek praat vir almal van ons as ek se dat dit meer as n nostalgies reis na die goeie ou dae was. Vir my was dit regtig n verrykende ervaring om weer ou vriendskappe te hernu.
weereens baie dankie.

## Mariana se bedankings

Baie dankie aan almal vir jul ondersteuning in die algemeen en opgewondenheid en entoesiasme oor die reünie en die kuiers. Dis wat dit lekker gemaak het om die 40 jaar reünie te reël. Al die e-posse, sms'e, whatsapp- en Facebook-boodskappe van mense wat ons in jare geen kontak mee gehad het nie en skielik val die jare weg en voel mens weer 18. En het die klomp gesels tydens die reünie! Die dat ek nie eens kans gehad om my dankies daar te sê nie.

'n Groot DANKIE aan almal wat donasies gemaak het! Elke Rand/Namibiese Dollar het gehelp om die koste per kop laer te maak en terselfdertyd darem iets ekstra te hê om mee te werk. Nogal 'n skrikwekkende gedagte om so iets te reël met geen begroting om op terug te val nie.

*Daar is veral twee mense aan wie ek spesiaal dankie wil sê:*

| | |
|---|---|
| Theo van der Meer | vir sy reuse aandeel en betrokkenheid met al die reëlings; die hantering van die bankrekening; die nuusbrief; die foto's; die DVD; taxi wees; klankbord wees; hulp met die musiek; wat Plastic Packaging gekry het om die sakkies vir die aandenkings te borg. Sommer vir die kop stamp ook waar ons soms verskil het. Ek kon nie vir 'n beter spanmaat gevra het nie. |
| Joey Luther Tromp | vir haar en Cobus se gasvryheid en verblyf die kere wat ek in Windhoek was (sommer lekker gekuier en gesels); die skenk van die verjaarsdagkalenders en die herinneringsborde. |

*Baie dankie ook aan:*

| | |
|---|---|
| Johanna Lessing Golden | vir die Facebook-blad; die reël van kuiers in die Kaap; die opspoor van matrieks; insette en klankbord |
| Elize Opperman Cline | vir die opspoor van mense in Namibië; insette met reëlings en klankbord |
| André Louw | vir die reël van die skoolbesoek en erediens |
| Jaco Gouws | vir die musiek cd in die geskenkpakkie |
| Elviera Schreuder | vir haar hulp met die klankstelsel en ordereëlings Vrydagaand |
| Louis Lessing | vir die bestuur van die skoolbus |
| Plutus Hosting | vir die borg van ons webblad |
| Bianca Kohll | vir die toer deur die skool |
| Carien du Plessis | vir die heerlike verversings tydens die skoolbesoek |
| Evette Schuff | fotograaf |
| Barbara Calitz | vir die tafels en draperings |
| Andre Carstens | dj |
| Plastic Packaging | vir die sakkies met die skoolwapen op waarin die aandenkings gepak is |
| Mariana Balt | plasing van foto in die Republikein van 15 Julie 2014 |
| Lorna's Fashions | mannekyn |


En laaste maar nie die minste nie vir my man, Ronnie, vir sy geduld (meestal) met al die tyd wat die reëlings in beslag geneem het en ook met my besoeke Windhoek toe om alles in plek te kry.

**Ons sal ons vriende wat nie daar kon wees nie altyd onthou. Hierdie uittreksel uit 'n gedig "For the Fallen" reflekteer my gevoel hieroor.... – Sam vd Berg**

They shall grow not old, as we that are left grow old: Age shall not weary them, nor the years condemn.
At the going down of the sun and in the morning,We will remember them.

# OORLEDENES

Mathilda Oosthuizen 10A
Gerda Wessels 10A




Diedrik Opperman 10B
Piet Taljaard 10C



Susan Schrader 10C
Elke Bender 10E
Estelle vd Walt 10F

Gideon Obbes
10F



Manfred Binding
10B

MADELE VENTER 10F

Geen Foto